higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ARGITEKTONIESE GRAFIKA EN TEGNOLOGIE

NKR VLAK 2

(Eerste vraestel)

(12050622)

18 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–17:00

REQUIREMENTS: **EEN A2-tekenvel**
A4-tekenvelle

Sakrekenaars en tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

242Q1N2418

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
ARGITEKTONIESE GRAFIKA EN TEGNOLOGIE
(Eerste vraestel)
NKR VLAK 2
TYD: 4 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik albei kante van 'n A2-TEKENVEL.
5. Alle tekenwerk moet in potlood gedoen word.
6. Alle tekenwerk moet aan die toepaslike, aanbevole SANS (SABS) -kodes voldoen.
7. Neem baksteengroottes as 220 × 110 × 75 mm.
8. Al die afkortings en simbole moet aan die nuutste Nasionale Bouregulasies en alle toepaslike SANS (SABS) -kodes voldoen.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

As tekenaar moet jy, volgens skaal 1:10, 'n deursneeaansig van 'n enkelmuurfondasie en 'n gedeelte van die muur teken.

Die tekening moet die volgende duidelik aantoon:

1.1 Betonfondasie 400 × 200

1.2 Baksteenvoet

1.3 Vogweerlaag ('DPC')

1.4 Gidspleister 25 mm

1.5 Betonblad 85 mm

1.6 Verdigte harde puin

1.7 Finale vloerhoogte (FVH) ('FFL')

1.8 Baksteenwapening in die vierde laag

1.9 Binneste pleister en spatlyste

Voeg alle beskrywings in.
Verskaf afmetings vir die betonfondasie.

Voeg 'n geskikte titel en skaal onder die tekening in.

[20]

VRAAG 2

2.1 Teken, volgens skaal 1:10, die boaansiglaag van 'n dubbele baksteenmuur in strykverband. Gee detail van die volgende:

2.1.1 T-aansluiting (7)

2.1.2 Uitleg van die alternatiewe hoek (7)

OPMERKING: Gebruik baksteengrootte van 220 × 110 × 75

Voeg 'n geskikte titel en skaal onder die tekening in.

2.2 Teken, volgens skaal 1:10, die isometriese aansig van 'n eksterne reghoekige dubbelsteenmuur in strykverband.

Voeg 'n geskikte titel en skaal onder die tekening in. (11)

[25]

VRAAG 3

3.1 Teken, volgens skaal 1:100, die vooraansig en deursneeaansig (AA) van 'n gewapende betonlatei met die staal in posisie, wat 'n opening van 2 000 mm in 'n muur in Engelse verband oorspan.

Voeg 'n geskikte titel en skaal onder die tekening in. (15)

3.2 Teken, volgens skaal 1:100, die vooraansig van 'n segmentboog wat met gekapte stene gebou is. Die spanwydte is 1 200 mm en die pylhoogte is 250 mm.

Voeg die volgende terme op die aansig in:

3.2.1 Spanwydte

3.2.2 Sluitsteen

3.2.3 Styghoogte

3.2.4 Boogstuiter

3.2.5 Boogklippe

3.2.6 Buitewelwing

3.2.7 Binnewelwing

3.2.8 Soffiet

Voeg 'n geskikte titel en skaal onder die tekening in. (15)
[30]

VRAAG 4

Gebruik 'n skaal van 1:50 om die deursneeaansig (A–A) van die tekening op bladsy 6 te teken.

Voeg die volgende terme op die deursneeaansig in:

4.1 Fondasies 200 × 600 belas ('load bearing')

4.2 Fondasie 200 × 400 onbelas ('non-load bearing')

4.3 85 mm beddinglaag

4.4 Dakspar 114 × 38 GR7

4.5 Bindbalk 152 × 38 GR 7

4.6 Muurplate 114 × 38


4.7 Latte 38 × 38 CTS 380 mm

4.8 26° helling

4.9 Betondakteëls

4.10 Plafonne en kroonlyste

Voeg 'n geskikte titel en skaal onder die tekening in.



[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou